higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# BOUADMINISTRASIE N6

(4090056)

**19 April 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

224Q1A2119

Kopiereg voorbehou

# DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING
# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik net ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of elk van die stellings ’n voorbeeld is van feite wat in die hoeveelheidslys of die tariefskedule gegee word:

1.1.1 Hoeveelheid word nie gegee nie en grootte is moeilik om te weet.

1.1.2 Tenders kan nie vergelyk word nie omdat geen totaal beskikbaar is nie.

1.1.3 Die totale syfer word gewys.

1.1.4 Inligting is gewaarborg.

1.1.5 Na ondertekening word die totaal aanvaar net soos dit is.

1.1.6 Daar kan nie bepaal word of ’n tender winsgewend is of nie.

1.1.7 Die totale waarde kan nie bereken word nie.

1.1.8 Tenders kan by verskillende departemente geverifieer en dubbeld nagegaan word.

(8 × 1) (8)

1.2 Lys SES aspekte wat by voortendervergaderings oorweeg moet word. (6 × 2) (12)

**[20]**

## VRAAG 2

2.1 Dui aan of die stellings WAAR of ONWAAR is deur ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Die Wet op Opleiding van Ambagsmanne maak voorsiening vir die verdere opleiding van volwassenes.

2.1.2 Die Wet op Werkloosheidsversekering maak voorsiening vir versekering vir nuwe werknemers.

2.1.3 Die Wet op die Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes reguleer die organisasieregte van vakbonde.

2.1.4 Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid ondersoek die vergoeding van werknemers gedurende sterfte- en ongeluksvoorvalle.

2.1.5 Die Wet op Nasionale Bouregulasies reguleer en stel riglyne en wette vir die bou- en konstruksiebedryf.

2.1.6 Die Vakleerlingwet maak voorsiening vir die ontwikkeling en instelling van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

2.1.7 Die Vaardigheidsontwikkelingswet ontwikkel en verbeter die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag.

2.1.8 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes maak voorsiening vir basiese diensvoorwaardes.

2.1.9 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid maak voorsiening vir die ontwikkeling en instelling van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

2.1.10 Die Nywerheidsraadwet maak voorsiening vir leerskapprogramme wat tot beroepskwalifikasies lei.

(10 × 1) (10)

2.2 Verduidelik VYF funksies van 'n inspekteur met betrekking tot gesondheid en veiligheid. (5 × 2) (10)

**[20]**

## VRAAG 3

3.1 Die tabel hier onder wys die geskeduleerde bepalings tussen die werkgewer en die werknemer.

Kopieer en voltooi die tabel deur te bereken hoeveel uur dit neem om die taak te voltooi, asook die totale koste daarvan.

| PLIGTE | TOTAAL | HOEVEELHEDE | TARIEWE | TOTALE URE | KOSTE |
|---|---|---|---|---|---|
| Slote uitgrawe | 50 | 8 $m^3$ | R90,00 | | |
| Beton vir slote | 50 | 20 $m^3$ | R60,00 | | |
| Eensteenmuur | 100 | 25 $m^2$ | R1 300,00 | | |
| Betonblad | 6 | 10 $m^3$ | R500,00 | | |
| **TOTALE KOSTE** | | | | | |

(10)

3.2 Noem VYF basiese beginsels van standaard kosteberekening. (5 × 2) (10)

**[20]**

## VRAAG 4

4.1 Dui die pligte, aanstellings en betalings van elk van die soorte personeel aan:

4.1.1 Struktuuringenieur

4.1.2 Bourekenaar

4.1.3 Subkontrakteur

4.1.4 Benoemde subkontrakteur

4.1.5 Argitek

(5 × 3) (15)

Kopiereg voorbehou 

4.2 Stel die volgende aktiwiteite op ’n netwerk voor:

- Pleisterwerk
- Eerste regmaakdiens
- Interne verfwerk
- Eerste regmaakskrynwerker
- Tweede regmaakskrynwerker
- Tweede regmaakdiens
- Vloergidspleister
- Tweede regmaakskrynwerker (10)

**[25]**

**VRAAG 5**

5.1 Definieer elk van die terme met betrekking tot werkstudie

5.1.1 Metodestaat

5.1.2 Werksmeting

5.1.3 Hoofbouooreenkoms

5.1.4 Oorsigprogram van konstruksies

5.1.5 Metodestudie

(5 × 2) (10)

5.2 Lys VYF ambagte in die boubedryf. (5)

**[15]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou